

14 April 2019

PRAKTIESE WYSHEID

VIR KLEINGROEPE



Psalm 118: 1-4, 19-29

ons storie ysbreker

Hoeveel uit 10 sal jy jou week gee en hoekom? Waarvoor is jy dankbaar? Wat was vir jou moeilik?

Elkeen kies om oor een van hierdie vrae te gesels: Paasweek is die hoogtepunt van ons geloof, hoekom is die kerke dan so leeg? Hoe gaan jy Paasweek gedenk?

word stil

Lees **Psalm 31: 8-16** as 'n gebed.
Dink na oor hoe dit voel om deur die Here raakgesien te word.

GOD se storie wat sê die Bybel

Lees saam
Psalm 118: 1-4, 19-29

As daar tyd is,
kan elkeen dit daarna
weer op sy/haar eie tyd lees.

GOD se storie gesels hieroor na

Noem enige iets uit die gedeelte wat jou geraak het.
Of enige vrae wat jy nou het.

In verse 1-4 lees ons die danklied van verskillende groepe.
Waarvoor wil jy die Here dank?

Wat beteken die frase, "aan sy liefde is daar geen einde nie", vir jou?

Watter betekenis word in Handeling 4: 10-12 en 1 Petrus 2: 6-8

aan Ps 118: 22-23 geheg?

Hoekom gebruik die evangelieskrywers verse 25-26 by Jesus se intog in Jerusalem? Hoekom is die intog betekenisvol?

Maak gereed vir Goeie Vrydag. Lees Lukas 22: 14 – 23: 56 beurtelings saam. Gee 'n oomblik van stilte nadat julle gelees het. Daarna kan julle saam brood breek. Breek 'n stukkie brood af en gee dit vir die persoon aan jou regterhand met die woorde, "dit is die liggaam van Christus gebreek vir jou."

Bid hardop saam: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het vir ons die belangrikste klip geword. Aan sy liefde is daar geen einde nie. Amen"

ons nuwe storie

**Hoe ons nuut, dink, doen en leef in die wêreld rondom ons.
Verder en Voor:**

In 'n wêreld wat kan doen met meer liefde, op watter maniere kan ons vir mense gaan wys dat daar aan Jesus se liefde geen einde is nie?

na die erediens

As julle groep na die erediens bymekaarkom waarin die teks hanteer is:

- Noem enige iets uit die prediking wat jou geraak het of wat jy nie verstaan nie.
- Wat dink julle was die hoofgedagte? Kan julle dit in een sin opsom?

bid vir mekaar

Is daar enige iets waarvoor die groep vir jou kan bid? Dit sal goed wees as julle 'n gebedsjoernaal kan begin waarin julle gebedsversoeke kan neerskryf.

Deel enige gebedsverhoring of Godservarings sedert julle mekaar laas gesien het. Hoe en waar het jy die afgelope week vir God beleef?

Dank God daarvoor.

